Oakdale Klub Nuusbrief / Club Newsletter

September 2008 Uitgawe / Edition

Voorsitter se boodskap / Chairman's message

Soos ons almal weet is September veronderstel om ons lentemaand te wees. Dis nou al Oktober en dit wil voorkom asof lente hierdie jaar eers saam met die feesgety hier gaan wees. Van feesgety gepraat, Desember is amper op ons en ek wil diegene wat nog nie hul jaareindfunksies beplan het nie, herinner dat Oakdale Klub nog steeds die beste waarde vir geld bied.

Aan ons nuwe klubbestuurder, Andre Rogotta, wil ek weereens 'baie welkom' sê. Ons is 'n klub waar ons lede ook ons familie is, en ek glo dat, met al die uiteenlopende persoonlikhede van ons lede en personeel, hy sy pos interessant en vol uitdagings sal vind.

Just as the economy and our government had its ups and downs, the club also had a year of up and downs. I mentioned in my Chairman's Report at the AGM about the cash flow situation which we find ourselves in. This year has been no exception, and with winter being our quiet period, I foresee that we will continue on this trend for the next few years, while repaying the new facilities. Despite this I would like to take the opportunity to thank Andre and his staff for the excellent work that they do. Due to the nature of their work, as well as the purpose of the club, for example all the functions, meals, bar services, etc., problems do sometimes occur. They will, however, strive to resolve these situations as effectively and quickly as possible.

Ongeag bogenoemde, gaan dit goed met Oakdale Klub en wil ek u as lede bedank vir jul begrip, ondersteuning, teenwoordigheid en gedrag by die klub. Ons as hoofkomitee, sowel as die bestuur van die klub probeer gereeld om nuwe idees te beproef. In sommige gevalle was ons suksesvol soos met die 'Happy Hour', etes op Donderdagaande, ens. Van die idees wat ingebring is, moes egter gestaak word.

Ek wil graag my mede-komiteelede bedank vir hul rol wat hul in die klub en sy lede vervul. Dit is hul private tyd wat hulle bereid is om op te offer en ek bedank hulle daarvoor. Ook aan Sabre Verwe, ons hoofborg by die klub, baie dankie vir jul ondersteuning en ek glo dat ons verhouding nog lank sal voortduur.

Sonder u kan die klub nie bestaan nie. Deur Oakdale Klub en sy voordele deeglik te gebruik, sal ons saam kan groei. Mag dit vir u almal 'n vreugdevolle ervaring wees.

Arno Brand
Voorsitter

Finans-Subkomitee

Hierdie jaar is definitief een van vasbyt en vasklou as ons kyk na ons land se ekonomiese situasie, petrolpryse, voedselpryse en die kredietwet wat 'n effek op almal se beursies gehad het.

Nieteenstaande bogenoemde gaan Oakdale Klub voort om sy lede eerste te stel en sal ons bly streef om aan u beste waarde vir geld te gee.

One of our main duties as sub-committee is to ensure that the club runs as cost effective as possible. For this reason we have tried various control systems and procedures over the past year. Needless to say, some of them worked and some of them will be revamped and changed as we go along.

Ons eerste prioriteit is om die nuwe aanbouings betaal te kry en ons sal vir die volgende paar jaar hard daarop konsentreer. Ons dank u vir u ondersteuning en glo dat die ekonomie ons volgende jaar meer goedgesind sal wees.

Kobus Pool
Tesourier

Beplanning en onderhoud

Ons het aan die begin van ons huidige termyn besluit dat ons hoofdoelwit hierdie jaar sal wees om meer aandag aan die netheid en onderhoud van die klub te spandeer. Weens die swak ekonomie kan geen nuwe kapitaalprojekte aangepak word nie.

Indien enige lid idees het om ons klub te bevroder, kom asseblief na vore en help ons om Oakdale Klub se naam hoog te hou.

Baie dankie vir u ondersteuning.

Flippie van Rensburg
Voorsitter: Beplanning en onderhoud

Bemarking en Sosiaal

Met winter wat amper verby is en somer om die draai, begin ons ontdooi en word die volgende aktiwiteite beplan:

Oakdale Klub se verjaarsdagnaweek: 31 Oktober tot 2 November 2008

Friday 31 October:
Theme-dance with Nico Greeff and his band. Theme: 'P Party'
Menu: Pot roast, potatoes, pumpkin, peas, Portugese rice and pudding
Price: R50.00 per person
Reservations: Mrs Gesie Conradie at 021 919 1167 / club@oakdaleclub.co.za

Saterdag 1 November:
Potjiekoskompetisie – inskrywingsvorms by die kroeg beskikbaar.

Sondag 2 November:
Middagete: Buffet in Kunz Rousseau saal
Kostes: R70.00 vir volwassenes. Kinders onder 12 jaar R35.00, kinders onder 4 jaar gratis.
Besprekings: Mev Gesie Conradie by 021 919 1167 / club@oakdaleclub.co.za

Ons wil graag ons lede herinner aan die reëls vir die inteken van hul gaste. Elke lid mag twee gaste per keer inteken, maar 'n gas mag nie meer as twee keer per maand die klub besoek nie. U word ook versoek om nie funksies vir ander mense onder u naam te bespreek nie. U betaal 'n jaarlikse lidmaatskapfooi sodat u voordeel kan trek van goedkoper funksies vir uself, en dit is onregverdig dat mense wat nie lede is nie die voordeel van sulke besprekings kry.

Op aanvraag van lede het ons besluit om musikante op Woensdae- en Donderdae aande uit te skakel, en het ons nou slegs musiek op Dinsdae- en Vrydae aande. Dinsdae aande bly nog steeds ons boeremusiek-aand.

Ons musikante vir Vrydae aande in Oktober is:

10 Oktober	Allen en Theressa
17 Oktober	Jaco se orkes
24 Oktober	Andre van Zyl
31 Oktober	Dans met Nico Greeff

Tot volgende keer

Susan Langenhoven
Voorsitter

Bowls / Rolbal

The 2007/2008 season ended very well for Oakdale as the men's first side won their WPBA section and was promoted to the second division for the new season. Our second side were runners-up in their division and was promoted to division four. Devon Kemp, one of our junior members, was chosen to represent the WP development side at the recent nationals held in Bloemfontein. The team received a silver medal in the tournament. Alan van Freden had an excellent year, achieving runner-up in the WP senior singles and Champion of Champions tournament, which earned him to be selected for the WP senior training squad. Not bad for a club with only one green!

The new season opened on 6 September 2008 with the president of WP bowls Sergio Martinengo, attending the official opening. The opening was well attended by the section members and ended off with a fantastic 'spit braai'. The new season has to date introduced 8 new novice members and 6 additional new members to our club and section. The programme for the new season kicks off on 28 September with the final being played on 12 October in the Sussie van Freden Mixed Novices Fours competition. This competition is unique to WP bowls and we are proud to have initiated this very successful tournament which is our contribution to the sustainability and development of bowls in the Western Cape. Well done Sussie!

The business league starts Wednesday 08 October at 18.15 pm and is played on 3 consecutive Wednesdays with the final being played on 29 October. Please enter or encourage your company to enter players as this is an excellent form of team building and is geared at non-bowlers. The section is able to supply the bowls balls for this fun event. To enter please call Sussie at 021-9196246.

We welcome all existing club members who are interested in playing bowls to join our section where fun and enjoyment is had by all.

Stephen Venter
President

Muurbal / Squash

For the past year, Oakdale Squash Section has had a great run. We have been well represented in league as well as inter-provincial games. In our league games we had two women sides, who had a lovely year during the league tournament and where some had the opportunity to learn a lot about the game. We are aiming to have a winning side next year.

On our men's sides we were once again represented in the fourth league where the guys ended up in the middle of the log. This is a nice feat as at this level the competition is tough and can often go either way. Our one side came second and our PRIZE side for the season did well in coming first. Well done to Ian Mileham and his team who displayed great teamwork and dedication. We also had 2 of our men represent Western Province in Natal for the Masters Interprovincial Tournament, where they both did us proud. They were Andrew Williams and Riaan Carstens. Andrew played 5 games and won 4; Riaan played 5 games and won 3. Their team did well for Western Province and achieved third prize, being a bronze. A big WELL DONE to the two of them, and for keeping the Oakdale flag flying high.

There was a friendly tournament held on Braai Day, which comprised of 8 non-league players who responded to a call for people to come and have some fun, and 6 league players who are currently on the lower part of the ladder. Boerewors rolls were served and a lot of fun was had by all.

As club members we still have a friendly Round Robin event on Saturday mornings as well as on Sunday afternoons. These events cost R7 per game and are played on Saturdays between 8:30 to 10:30 and Sundays between 17:30 to 20:00. Any
club member is welcome and all you need are your NON-MARKING squash shoes and your racket and you are welcome to come and play.

See you all there soon.

Darryl Latimer
Squash Chairperson
2007/2008

Amateur Radio

Reporting back on the August meeting: This month's committee meeting was joined by Oakdale Club's committee members in a bid to iron out some unfortunate events that took place recently. There is no question as to our happy relationship with the main club and the future looks bright. More at a later date when all the "T's" have been crossed.

Another good turn out for the "Home Brew" evening with the results as follows:
Best overall – Terry, ZS1AYJ with his brilliant 'Fox signal generator and reader'. Terry designed and built both units without any assistance, or the use of any book or published material. Well done Terry. Runner up – Fred, ZS1FCS who had a problem with his home brewed beam rotator. It worked well as a rotator, but when the beam was pointing in the desired direction it stopped suddenly instead of a slow down stop. Fred added a few relays and other components to the control box to give it a slow start and a slow stop. Well done Fred. Best Novice – Dirk, ZS1VDB with a very neat alarm unit designed for the shack that is away from the house and the internal alarm system. Although a small unit, it has all the features of the main system in the main building. That is a very good start into your Ham career Dirk. Other contenders, Pieter, ZS1SD with a sound card interface for digital operation, Psk 31 etc. Bruce Johnson, ZS1BEJ made a very neat guitar amplifier. Dave, ZS1DFR entered a small but handy 12v distribution box for use in the mobile. Dick, ZS1AQD entered his Morse code oscillator. Deon, ZR1DE demonstrated a soldering iron controller that is guaranteed never to burn out the iron. Henk, ZS1VDP brought his transistor tester. It was small and neat and used two LED's to indicate NPN or PNP. Mike, ZS1FP demonstrated his idea of how to clean the inside of a female banana socket or maybe the female section of a PL259. Not really home brew, but his demo went down well with those watching. We look forward to the next competition. The raffle for the tool kit was won by Paul, ZS1PJA, and the bottle of engine cleaner went to Deon, ZR1DE. Tea and cookies followed and was enjoyed by all, thanks to Herbie, ZR1ABV.

For further and more exiting news please visit Oakdale Club's website at www.oakdaleclub.co.za

Fred Scheepers
Chairman

Jollie Mollies

Die Jollie Mollies het op 9 Julie 'n Bingo-aand in die Rolbalklubhuis aangebied. Agt kaarte is gespeel en pryse is toegeken aan die wenners. Ten spyte van die gure weer was die aand 'n groot sukses en is deur jonk en oud bygewoon. Die lagspiere het lekker oefeninge gekry en die Bingo-master vir die aand "Mary McStar", of ene Maryna Verster het die Bingo-rympies ingeryg.

Die volgende Bingo-aand word beplan vir Woensdag 15 Oktober om 19:00 in die Rolbalklubhuis. Besprekings kan by Freda Pretorius (082 216 2657) gedoen word.

Die versameling van resepte vir 'Oakdale Klub Beste Resepte' boek is reeds geruime tyd aan die gang en heelwat resepte het al ingekom. Die boek sal saamgestel word onder sub-kategorieë en ons vra dat almal wat vir ons 'n resep kan deurstuur, dit asseblief so gou moontlik doen.

We are in the process of compiling an Oakdale Club recipe book and ask everybody to contribute towards it.

- Only club members can enter their best recipes.
- Entries can be accompanied by the history of the recipe or any Oakdale story that should be preserved as Oakdale history.
- Should you wish to contribute photos for this compilation, please write your details on the back of the photo in order for us to return it to you.
- Entries can be added to the suggestion box in the foyer or mailed to *ladies@oakdaleclub.co.za.*
- Chosen recipes will be published in the Oakdale recipe book with recognition to the member.

The aim is also to place one recipe per week from one of our members onto our website.

Maryna Verster
Voorsitter

Explorers

So staan nog ‘n jaar vinnig einde se kant toe. Die afgelope jaar het die Explorers weereens ‘n gebeurtenisvolle jaar beleef.

Verlede jaar November het ons die opening van die kreefseisoen op Yzerfontein ingewag. Net betyds het die minister die opening aangekondig, want die klomp Explorers was oorgehaal om op die see te gaan wag vir die amptelike aankondiging. Terwyl John vir Etienne in toom probeer hou het, is daar die eerste dag heelwat kreef getrek tewyl Lauranda besig was om 'n vars mosselpot reg te kry. Die eerste krewe van die seisoen is dieselfde aand met groot geesdrif afgesluk (letterlik en figuurlik), in so 'n mate dat Harry dit moeilik gevind het om op te staan en tent toe te skuif, met geen geringe bydrae van Chris Soppe se sappe nie. Na 'n lang nag het Adriaan se gaste hul huismoleste die volgende oggend uitgesorteer voor die volgende groep kreeftrekkers see toe is. Hier het Adriaan vir Ed gedemonstreer hoe om behoorlik op 'n rowwe see op te gooi, voordat die kamp laatmiddag opgebreek het.

Vroeg in die nuwe jaar het daar weer 'n informele kreeftrek by Hangklip plaasgevind waarna daar weer heelwat ekstra sap ingeneem is by die Duckitts se neef, John.

Tydens Maart het net die Duckitts weereens ons naam hoog gehou by Rawsonville/Slanghoek se jaarlikse modderfees.

April se Kraalboschdam het uitgereën.

In Mei het ons 'n heerlike langnaweek by Bulshoekdam gehad, nieteenstaande dat die reën Saterdag en Sondag amok gemaak het nie. Hier het veral Tania, Johanna, Lauranda en Angie hul elastisiteit en drinkvermoë ten toon gestel, terwyl die mans oudergewoonte die fort moes hou.

Junie: 'n Hoenderbraai by die klubhuis met vele verreikende gevolge was gehou.

In Julie het heelwat van ons lede op 'n triestige dag in die duine by Atlantis gaan speel waar Charles al sy vernuf moes inspan om 'n makker se Landie weer op sy wiele te kry.

Gedurende Augustus het Johanna vir ons 'n heerlike 'orkaan’ gereël om naby McGregor 'n naweek in absolute wonderlike wind en wyn te gaan spandeer. Hier het John dit goed gedink om sy beursie vir die naweek weg te steek, maar uiteindelik moes hy Sondag letterlik en figuurlik die gelag betaal toe hy self sy "verlore“ beursie in sy tas gevind het.

Jacques het saam met 'n teleurstellende paar lede in September by Boegoeberg gaan kamp vir nog 'n heerlike naweek.

Waterval by Porterville is ons bestemming vir Oktober en hopelik sal die weer ons 'n slag genadig wees. Daarna is ons weer by Yzerfontein vir die laaste uistappie voordat die skole sluit.

Sidney van Dyk

Uit Katriena se pen

Dear Members

We would like to take the opportunity to congratulate all our kitchen staff that is back from maternity leave on their new bundles of joy: Sylvia had a baby boy on 21 January 2008 and I had my number 5 Oakdale baby on 14 June 2008 – at last the boy that I have always wanted! Patricia and Sophie are expecting their little ones later this year.

We would also like to say welcome to Hein, the only man working in the kitchen. It’s a pleasure to work with him, and nice to have a man in the kitchen.

October is a very exiting month and we all look forward to it. In true German tradition we will be celebrating October by having a few traditional German dishes on the menu and we would love you to come and join in the good food and drinks.

As summer is not quite here yet, and we can still afford to put on a few kilos, I share the following recipe with you:

Yoghurt Cake
Use the yoghurt cup as a measuring cup.

1 cup flavored yoghurt
3 eggs
1 cup oil
2 cups sugar
3 cups self raising flour

Mix all ingredients together and bake for 45 minutes at 350°F.
Makes 2 cake loafs.

By Katryn

Funksie Koordineerder / Events Coordinator

Met 2008 wat einde se kant toe staan en met 2009 op ons drumpel kan ek net noem dat ons 'n interessante jaar gehad het. Ek glo dat die ekonomie alle besighede 'n knou probeer gee het, en dit was veral opvallend gedurende die afgelope winter waar besighede maar stil was met besprekings. Maar in tipiese Oakdale gees het ons die 'druk' gevat, teruggedruk en kan ons noem dat ons besprekings weer vinnig begin inkom. Inteendeel, ons het reeds 'n waglys vir 2009 se funksies.

The fact is, spring is in the air (if we forget about the rain and cold days still lying ahead). With everybody starting to firm up for their bathing suits, shaking the tanning lotion bottles to see if this is an item for the shopping lists, wardrobes being unpacked and packed, National Braai day having been and gone, we have an interesting season ahead of us. Oakdale Club is fast becoming a household name in the business environment. No longer are we just a 'family club' with activities for members, but we are, with pride, also known amongst businesses countrywide as a Conference Venue with a country feel to it.

One of the final 'launches' for 2008 will be our 'Oakdale Club Business Networking' which will start on Tuesday 28 October, with Andre Diedrichs, an esteemed member of our club as our first guest speaker. Andre is a well-known public speaker and media personality who appears regularly on TV and radio. He recently launched his book called *Business Jungle* and we can proudly say that the media launch with KykNET was recorded in our own conference room.

Vir diegene wat nog nie hulle jaareindfunksies bespreek het nie, die tyd raak min. Ons naweke is reeds redelik vol bespreek, en ons wil graag aan dié wat nog dink Kersfees lê nog op die horison, vra dat julle saam met die lente wakker word, ons kontakbesonderhede aan julle sekretaresses deurgee en hulle vra om ons te kontak vir 'n bespreking.

Salome Burrows
Funksie Koördineerder / Events Coordinator

Klubbestuurder

Dit is vir my ‘n besonderse voorreg om as Klubbestuurder vir my aan u bekend te stel.

Ek het in Bellville groot geword en was vir baie jare by Sanlam werksaam, en voor my aanstelling by die klub, was ek eienaar van Stellenberg en Langverwacht Visserye. Ek is getroud met Marina wat by Sanlam werksaam is en het twee dogters, Carla (20) en Andrea (17).

Die afgelope paar maande het weereens bevestig wat ek voor die tyd van die klub gehoor het, en dit is dat die mense die klub is. Dit is regtig lekker om die klub te besoek, hetsy of ek moet kom werk of net om bietjie te kuier. Dit is dus vir my baie belangrik om voort te gaan om die gees en atmosfeer wat hier heers, nog verder te verbeter, deur ons lede op die hande te dra en om almal werklik waarde vir geld, diens en produk te gee. Daar is baie areas waar ons probleme het wat ons besig is om aandag aan te gee, maar hopelik sal u dit met u besoeke waarneem.

Gedurende Oktober gaan ons so ‘n bietjie van ‘n Duitse atmosfeer skep deur vir ons lede lekker tradisionele Duitse geregte voor te sit. Ek wil al ons lede uitnooi om die klub te besoek en in die Oktober-fees en atmosfees te kom deel. Dit is mos die mooiste maand en ook ‘n lekker geleentheid om iemand saam met u te bring en lekker by die Klub te kuier. Dit val ook saam met die klub se verjaarsdag aan die einde van Oktober.

Die afgelope paar maande was ook vir ons en die hele bedryf, ‘n moeilike tyd met die brandstof, kos en ander pryse wat skerp toegeneem het, maar ons glo en vertrou dat dit beter sal gaan. Ek wil ook van die geleentheid gebruik maak om u aan te moedig om ons fasiliteite te gebruik en ook te promoveer.

Op die huidige oomblik is ons kommunikasie na u nie wat dit moet wees nie en dit is grootliks as gevolg van die feit dat die SMS-stelsel baie beperk en duur is. Ek wil ‘n beroep op u doen om u e-pos adres aan Gesie Conradie te stuur en indien uself nie een het nie, glo ek is daar ‘n dogter, seun, of dalk ‘n kleinkind wat dalk toegang het tot sulke fasiliteite. Dit sal ons kommunikasie na u soveel makliker, goedkoper en beter maak.

Ons is baie trots op ons klub en vra dat ouers wat hulle kinders saambring mooi na hulle kyk. Ons ondervind gereeld dat hulle bv klippe wat in sommige beddings is, rondgooi en ons het al van die klippe op ons rolbalbaan, die gras en selfs die swembad gekry. Die randstene langs die N1 word ook gereeld omgery en ons doen ‘n vriendelike versoek aan u om asseblief daarop te let.

Dankie aan almal wat my baie welkom laat voel het en vir die baie vriende wat ek reeds gemaak het.

Ons praat weer.

Groetnis

Andre Rogotta
NS: Positiewe en opbouende kritiek sal waardeer word

Oakdale Club Business Networking



Date: 28 October 2008

Venue: Oakdale Club Conference Venue

Time: 9:00 – 11:00

Cost: R25.00 per person
Includes refreshments

RSVP: Salome – 021 919 1167 / events@oakdaleclub.co.za

Guest speaker: Andre Diederichs

André Diederichs is a well-known public speaker and media personality who appears regularly on TV and radio and published more than 600 business articles and five business books since 2002. He visited numerous countries over the last 10 years to study entrepreneurship. He is a popular public presenter that addresses audiences from over the globe on a regular basis.

TARGET MARKET

All entrepreneurs & aspirant entrepreneurs
Senior business decision-makers
Students in economy & business sciences
Owners of small/medium businesses
Educators of entrepreneurs & business owners